# 423 Sion, stad van God hoe heerlik




Uit Gods liefde vloei die strome lewenswater, ryk en vry;
les die dors van elke vrome, wat nooit weer gebrek sal ly.
Milde Gewer, u genade duur vir ewig en altoos!
Ondeurgrondbaar is u dade en u liefde eindeloos!

Daar sweef sag oor elke woning weer die wolk- en vuurkolom,
as bewys dat onse Koning wag hou oor sy eiendom.
Nou nog, soos in die verlede, is daar manna elke dag,
want Hy let op ons gebede en Hy lei ons dag en nag.

O Hoe sterk is my verlange na die vreugde van my Heer!
Sion, neem my hart gevange, hier is niks wat ek begeer.
Heiland, enkel deur genade kom ek in u Koninkryk;
hiervoor ag ek alles skade, dat ek Sion mag bereik.

John Newton (1725-1807) Frans Joseph Haydn (1732-1809)